

19 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Openbaring 7:9-17
Fokusgedeelte: Openbaring 7:12

Ons verheerliking is tot God se eer en heerlijkheid

Johannes kyk die hemel in. Hy sien 'n ontelbare skare uit elke volk en stam en taal en nasie. Hierdie skare is die kerk. Die kerk wat uit die groot verdrukking kom. Dis die mense wat in Christus gesterf het. Kyk net hoe lyk hulle. Gister het ons geles van Paulus as die vernaamste sondaar, die een wat die kerk vervolg het. Hier lees ons van die kerk met wit klere aan. Heeltemal vlekkeloos, totaal sonder sonde. Hulle klere is gewas in die bloed van die Lam (vs 14). Hulle staan reg voor die troon van God. Hy het hulle geheel en al in gemeenskap met Hom opgeneem. Daar is geen bewustheid van hulle sonde meer nie, want hulle is verheerlik.

Die kerk wat verheerlik is, kom in die hemel tot 'n volkome belydenis van God se heerlijkheid. Daarom kan hulle nie anders as om voor God neer te val en Hom te aanbid nie. Alle eer en lof en wysheid en krag en danksegging kom die Here toe! Ons verlossing kom tot sy hoogtepunt as die kerk vlekkeloos voor God staan om Hom te verheerlik. Dan sal ons Hom eer soos wat dit Hom toekom.

Ons bestemming bepaal die manier waarop ons die reis daarheen aanpak. Ons is uiteindelik die ontelbare skare met die wit klere aan. Dit bepaal die hele manier waarop 'n mens leef. Ons lewe nou reeds as mense wat geskep is om God eendag in al sy heerlijkheid te sien en te verheerlik. Op aarde en in die hemel moet dit soos 'n magtige koor klink: die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid.

Laat jou lewe hier op aarde nou al saam met die kerk in die hemel deel wees van die verheerliking van God.

Sing: Skrifberyming 9 (18:1):1-3

Ds RA (Ronald) Bain (Cachet)